BYLAAG

## NASIONALISME AS WESENSFAKTOR BY DIE BEPALING VAN ONDERWYSSTELSELS *

### 1. Inleidend:

Die negentiende eeu is meermale die eeu van die nasionalisme genoem, en die katastrofale wêreldbotsings van die twintigste eeu word vandag reeds deur die geskiedskrywing as die gevolg van 'n oordrewe nasionalisme of sieklike chauvenisme gesien. Met die vordering van die natuurwetenskap en die gevaar wat kernkrag vir die voortbestaan van die menslike beskawing inhou, gryp die bedreigde volke na die enigste gewaande waarborg van die wêreldvrede, naamlik internasionale samewerking. Die twintigste-eeuse poging van die Volkebond om wêreldvrede te verseker het hom egter in 1939 teen die opstuwende nasionalisme van die Sentraal-Europese volke en die Japannese volk in die Vere-Ooste te pletter geloop.

In die tweede helfte van ons eeu word die beskaafde wêreld aan die een kant deur 'n golf van internasionalisme oorstroom, terwyl Afrika aan die ander kant die geboorte van een nasionale staat na die ander aanskou. Nasionalisme en internasionalisme hou die wêreld vandag voortdurend in die greep van 'n koue oorlog, en internasionale samewerking skyn die enigste sleutel tot wêreldvrede te wees. Hiervan getuig ook die pogings van die Verenigde Volke om die opvoedkundige, wetenskaplike en kulturele belange van die volke op internasionale vlak te behartig en die onderwys te gebruik om die volke te kondisioneer tot 'n internasionale goeie gesindheid.[1]) Die wêreld het altyd die waardevolle aandeel van die opvoeding in die skepping van die toekoms besef, maar die twee wêreldoorloë het die mensdom meer as ooit laat insien dat die skool 'n besondere plek moet inneem „to reshape the European tradition for that atomic age", om die woorde van J. A. Lauwerys te gebruik.[2]) Saam met die uitskuiwing van die onderwyshorison

dr. A. G. Coetsee.

* Inougurele rede gehou by die aanvaarding van 'n professoraat in die Opvoedkunde aan die P.U. vir C.H.O., op 8 Oktober 1965, deur prof

buite die nasionale grense van die volke, is ook die onderwysveld verbreed. Terwyl die opvoeder van die 19e eeu in terme van dieselfde tipe onderwys gedink het vir die massas, die leiers en die werkers met die hoofdoel om analfabetisme uit te wis, is die onderwys vandag besig om die hele mens te omvat. Die uitbreiding is nie alleen horisontaal tot insluiting van alle terreine van die menslike lewe nie, maar ook vertikaal tot omvatting van alle stadia in die mens se lewe: Voorskoolse onderwys, sekondêre onderwys vir almal, 'n fenomenale uitbreiding van die tersiêre onderwys en 'n besondere belangstelling in die opvoeding van volwassenes met behulp van die moderne massa-media, is almal kenmerke van die kontemporêre onderwys. Die skool se taak is vandag inderdaad die opvoeding van die hele mens.

Die vergelykende opvoedkunde, wat hoofsaaklik 'n ontwikkeling van die twintigste eeu is, het veral een belangrike feit blootgelê, naamlik dat die problematiek van die onderwys en opvoeding universeel is, maar dat die wyse van benadering verskillend en uiteenlopend is, in ooreenstemming met die verskeidenheid faktore in die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n volk wat tot die ontwikkeling van die eie volkskarakter bygedra het. Sir Michael Sadler het reeds in die jaar 1900 gewaarsku dat by die studie van vreemde onderwysstelsels, die dinge buite die skool belangriker is as die dinge binne die skool, toe hy geskryf het: „A national system of education is a living thing, the outcome of forgotten struggles and difficulties and of battles long ago. It has in it some of the secret workings of national life. It reflects the failings of national character".

Om dan die invloed van nasionalisme as die magtigste bepalende faktor op die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel beter te kan vasstel, wil ek begin met 'n saaklike omskrywing van nasionalisme in sy verskeidenheid van verskynsels, en daarna 'n nog saakliker aanduiding gee van die werking van hierdie beginsel in die onderwysgeskiedenis van ons land, om in die laaste instansie in te gaan op enkele aspekte van 'n nasionale onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika.

## 2. Eers dan die begrip nasionalisme:

Die woord „nasionalisme" kom van dieselfde stam as „nasie", te wete die Latynse „nacor" wat beteken om gebore te

word. In die woord lê dus as eerste kriterium vir die bestaan van 'n nasie opgesluit 'n gemeenskaplike afkoms of bloedverwantskap, maar hierdie opvatting is nooit heeltemal aanvaar nie en die samestelling van moderne wêreldvolke soos die volke van die Verenigde State van Amerika, loënstraf ook hierdie idee. As tweede kriterium vir die vorming van 'n nasie word gewoonlik „taal" genoem, maar hoewel dadelik toegegee moet word dat taal 'n baie hegte eenheid kan teweegbring, lewer meertalige nasies soos België, Switserland en Sowjet-Rusland die bewys dat taal nie 'n sine qua non vir nasieskap is nie. Friederich Meinecke (Weltbürgertum und Nationalstaat) heg egter soveel belang aan hierdie kultuurfaktore dat hy verkies om te onderskei tussen kultuurnasies en staatsnasies. Met kultuur word dan verstaan gebied, afstamming, gemeenskaplike taal, godsdiens en veral gemeenskaplike geskiedenis.[4])

'n Nasie is egter nie 'n biologiese struktuur nie maar 'n geestelike struktuur en kan ontstaan wanneer 'n groep mense in dieselfde land of bodem, 'n gemeenskaplike geskiedenis en tradisie het en deur die staat tot 'n eenheid saamgebind word.[5])

Sir Ernest Barker waag die volgende omskrywing: „Shall we say that a nation is a body of men, inhabiting a definite territory, who normally are drawn from different races, but possess a common stock of thoughts and feelings, acquired and transmitted during the course of a common history... and who also cherish a common will, and accordingly form, or tend to form, a separate state for the expression and realization of that will".[6])

Die besit van 'n eie tradisie, 'n eie individualiteit en karakter en die besef van 'n eie taak of roeping in die vaderland en in die wêreld, is die faktore wat 'n selfstandige nasie teweegbring; maar sonder die besit van lojaliteit aan die eie volksaard kan 'n nasie nie bestaan nie. Dr. N. Diederichs skryf in sy Nasionalisme as Lewensbeskouing: „Werklik lid van 'n nasie is alleen hy wat die waardes van die nasie in liefde aanvaar en hom vereenselwig met die besef van verpligting tot verwesenliking van daardie waardes en tot vervulling van die geskiedkundige roeping soos gevoel deur die nasie".[7])

Ook dr. H. Smitskamp lê die klem naas ander faktore ook op die staatsverband en die begeerte om dit in stand te hou. Hy skryf: „Een natie dan is een groep van personen georga-

niseerd in een eigen staatsverband of zo 'n verband begerend, die zich op de grondslag van een gezamenlijk doorleefde verleden en doorgaans ook van een zekere homogeniteit van taal, cultuur en afstamming, als een eenheid voelt en deze eenheid in stand wil houden".[8])

Met die aksentuering van die staatsverband as belangrike bepalende faktor by die totstandkoming van 'n nasie wil ek volstaan. Vir my doel is dit ook nie nodig om verder tussen „nasie" en „volk" te onderskei nie, want die doel is in die eerste plek bloot om tot die omskrywing van nasionalisme as die lewensbeskouing van 'n nasie, te kom. Soos in die gewone omgangstaal word „volk" en „nasie" hier dus eenvoudig afwisselend gebruik.

In aansluiting by en uitgaande van die omskrywing van 'n nasie of volk, word die begrip nasionalisme gebruik vir dit wat betrekking het op die volkslewe en op alles wat in die volkslewe tot uitdrukking kom en daaraan 'n eie karakter gee. Hiertoe behoort vaderlandsliefde, 'n besef van volkseenheid en liefde vir die volkseie soos dit gedra word deur die taal, die tradisie en kultuur, en die besef van 'n eie roeping wat die hoogste motief vir ware nasionalisme is; want nasionalisme wat alleen op 'n hartstogtelike liefde vir die volkseie rus, sonder roepingsverantwoordelikheid, is niks anders as egoïsme nie. Roepingsbesef maak dan ook van die sterkste motiewe vir nasionalisme uit.[9])

Dit blyk dus dat nasionalisme nie net rekening hou met die verlede nie, nie alleen berus op die tradisie nie, nie slegs volkstrou is nie, maar ook getemper en gerig moet wees deur die volle besef van verantwoordelikheid en roeping teenoor die toekomstaak van die volk. Daarom is dit nodig dat hier op twee gevaarlike ontwikkelinge van die nasionalisme die aandag gevestig word.

Hoewel die Christendom nasionalisme in die volkslewe nie afkeur nie, kan dit egter 'n eensydige nasionalisme of chauvenisme nie aanvaar nie, want laasgenoemde lei tot selfverheerliking en verafgoding van die eie nasie en is 'n duidelike ontaarding van nasionalisme. Hierdie oordrewe volksaanbidding kom slegs voor wanneer die suiwer verhouding tot die Woord van God ontbreek, en dit word 'n bedreiging vir die goeie internasionale verhoudinge. Dit bring spanning tussen die volke en bou skeidsmure op. Dit is eintlik 'n aggressiewe nasionale haat,

wat in die 20e eeu reeds twee wêreldoorloë ontketen het.

Die vraag kom ook na vore hoe die strewe na internasionalisme, wat so kenmerkend is van die twintigste eeu, inpas by die beginsel van nasionalisme. Omdat laasgenoemde 'n positiewe gesindheid is wat nie inhou dat lede van die een nasie of volksgroep die instellings, tradisies en kultuur van 'n ander nasie of volksgroep moet minag nie, bestaan daar eintlik geen teenstrydigheid nie, want internasionalisme moet ook nie aan die ander kant met kosmopolitisme verwar word nie. Internasionalisme veronderstel 'n gesonde nasionalisme by 'n verskeidenheid van nasies. Om internasionaal te dink vereis nie nasionale selfverloëning nie; en goeie internasionale verhoudinge en samewerking veronderstel nie die uitwissing van dit wat eie is aan die eie nasie nie, maar wel wedersydse waardering en respek. Eers as 'n persoon liefde vir sy eie het, kan hy die goeie in die vreemde sien en respekteer. Gesonde interaksie tussen nasies werk bevrugtend; isolasie lei tot eensydigheid en stagnasie. Ook hier is die Christelike standpunt baie duidelik. Die Christendom aanvaar nasionalisme as beginsel, terwyl dit self universeel en supranasionaal is. Dit sny dwarsoor alle grense heen sonder om die grense self op te hef. Dit aanvaar wel dat die mens lid is van 'n bepaalde volk in 'n bepaalde land en in 'n bepaalde tydperk, maar soos die enkeling in nasionale verband met liefde en respek teenoor sy medemens moet staan, so moet ook in internasionale verband die een volk in 'n verhouding van liefde en respek teenoor ander volke staan, mits daardie volke ook die Christelike belydenis het.

Voordat ek nou die bestaan van die Suid-Afrikaanse volk probeer meet aan die maatstaf van nasionalisme, wil ek kortliks die werking van hierdie beginsel in die geskiedenis nagaan.

### 3. Die werking van nasionalisme in die geskiedenis:

a. Nasionalisme was 'n onbekende faktor in die antieke wêreld, en dit is eers met die ontstaan van nasionale letterkundes tydens die Renaissance en met die stigting van nasionale kerke tydens die Hervorming, dat hierdie beginsel tot 'n treffende uiting gekom het. Gedurende die 17e en 18e eeu is die Middeleeuse eenheidsidee verbreek en kon nuwe volke

ontstaan met hul eie taal, bepaalde landsgrense en nasionale konings met die reg om hul onderdane te belas en om hul eie leërs aan te hou. Die koninklike outokrasie het egter die stryd teen die groei van nasionalisme en die opkomende demokrasie verloor. In die loop van hierdie proses is nie alleen die juk van vreemde vorste afgewerp nie, maar is ook verdeelde volke, soos die Duitse en Italiaanse, binne die grense van hul nasionale state verenig. Die nasionalisering van Europa het ook duidelik aan die lig gebring dat die vlam van nasionalisme daar die sterkste gebrand het, waar die nasionale identiteit van 'n volk deur buitelandse oorheersing bedreig is. Beide as teorie en as praktiese beleid is nasionalisme onder die verdrukte nasies gebore.

Na die treffende negentiende eeuse uiting van nasionalisme, waardeur onder andere die Duitse Ryk en die Italiaanse koninkryk ontstaan het, het dieselfde twee ryke in die twintigste eeu onder leiding van die diktators letterlik uitgebrand van oordrewe, aggressiewe chauvenisme, waarteen die wêreld twee keer in opstand moes kom. Albei totalitêre state het die onderwys ingespan om hul kinders te indoktrineer met 'n eensydige volks- en staatsverheerliking, en hulle op te sweep tot aggressiewe nasionalisme. Hierdie bewegings het onteenseglik die pendulum in die rigting van internasionalisme laat swaai. Unesco, die stigting van die Verenigde Volke, lê hom doelbewus daarop toe om deur die onderwys 'n internasionale goeie gesindheid te kweek en alles wat tot aggressiwiteit kan lei uit die sillabusse en handboeke te weer.[11]) Die negentiende-eeuse aggressiewe nasionalisme, wat in die totalitêre state so sterk tot openbaring gekom het, ondervind vandag 'n harde terugslag en besiel die volke met 'n ongekende internasionale strewe. In die volgende paragraaf wil ek kortliks die werking van

b. *Nasionalisme in die onderwys in Suid-Afrika* nagaan.

Dit sou my te ver voer om hier die werking van die nasionalisme in die onderwysstelsels van Suid-Afrika histories na te spoor, daarom wil ek slegs aandag gee aan enkele verskynsels wat as basies en bepalend vir die nasionale karakter van die bevolking tydens die totstandkoming van die Unie beskou kan word.

Die navorser van die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis

word dadelik getref deur die gebrek aan nasionale eenheid en deur die feit dat die land se onderwysstelsels eintlik nie 'n nasionale patroon van ontwikkeling kon volg nie. Dit openbaar inteendeel 'n veelheid van toepassinge wat net so goed in 'n verskeidenheid van lande kon bestaan het.

Geografies kry ons te doen met vier aparte gebiede waarvan die bevolking oor etlike geslagte apart gewoon het en sterk onder die indruk van hul gebiedskeiding verkeer het. Wat meer is, die verskille tussen die Afrikaanse en Engelse elemente, het sterk na vore getree en die probleem is enigsins vergroot deur die ongelyke verspreiding van die bevolking. Terwyl die twee kleiner provinsies hoofsaaklik in homogene taalgroepe verdeel was, was Kaapland oorwegend Engels georiënteerd en Transvaal oorwegend Afrikaans, met die gevolg dat die provinsies mekaar in hul nuwe staatkundige verhouding nie vertrou het nie.

Op politieke gebied was die skeiding nog heftiger en wel volgens die taalgroepe. Die politieke geskille is deur die imperialistiese verowerings van die negentiende eeu en die daaropvolgende denasionaliseringsproses sodanig aangewakker dat die Tweede Vryheidsoorlog gevoelens gevaarlik ontvlambaar gemaak het. Hierdie politieke verskille was die wesentlike oorsaak van die federasie op onderwysgebied in 1910, nieteenstaande daar op staatkundige gebied 'n unie gesluit is. Die reëling van die onderwys was 'n federale toegewing aan die twee kleiner provinsies omdat Natal vir Oranje-Vrystaat en Transvaal gevrees het en Oranje-Vrystaat weer vir Natal en Kaapland.

Op godsdienstig-kerklike terrein was daar eweneens nie eenheid nie. Die Christelike godsdiens van Calviniste, Anglikane en Rooms-Katolieke het wel 'n breë gemeenskaplike basis gehad, maar hul opvattings ten opsigte van die nasionale het wesentlik 'n skeidingsfaktor uitgemaak aangesien die Afrikaans-Christelike ook bepalend is vir die nasionale, terwyl die Anglikane en die Rooms-Katolieke element die religieuse glad nie aan die nasionale verbind nie. Die Christelik-nasionale is eintlik vir die Afrikaner 'n eenheidsbegrip, waarop ek later weer terugkom.

Ook die kultuuragtergrond van die bevolkingselemente was totaal verskillend. Hoewel die kultuur 'n gemeenskaplike Wes-Europese agtergrond het, was die magtige Anglo-Saksiese wê-

reldkultuur hier in die meerderwaardige posisie van die veroweraar teenoor die jong Hollands-Afrikaanse kultuur.

As 'n laaste bepalende faktor vir 'n Suid-Afrikaanse onderwysstelsel moet die besondere historiese ontwikkeling van die onderwys in aanmerking geneem word. Tydens die bestuur van die Oos-Indiese Kompanie het daar eintlik twee soorte skole bestaan, naamlik die amptelike skool wat op die Hollandse lees geskoei was en waar die gewone skoolvakke, onder andere ook Latyn, onderrig is, en daarnaas die privaatskool van die boere op hul plase. Laasgenoemde het eintlik net die Bybel, die belydenisskrifte en die Outeurs in hul leerplan ingesluit, maar was nietemin die begin van die tipies-Afrikaanse of inlandse stelsel. Na De Mist se oorname van die Kaap, het die stryd tussen die staatskool en die privaatskool begin. Die staatskool is na die tweede verowering van die Kaap sodanig gedenasionaliseer dat die privaatskool weer sterk steun gekry het. Hierdie privaatskool-stelsel is deur die Trekkers na die twee republieke oorgeplant, waar dit uitgegroei het tot egte C.N.O.-skole en die nasionale onderwysstelsel van die Boere geword het. Hierdie proses van denasionalisering en die ontstaan van Christelik-nasionale skole het hom na 1900 nog eens herhaal, maar die privaatskole is om finasiële redes by die staatskole ingelyf, sodat die Uniegrondwet ook weer voorsiening moes maak vir die voorstanders van albei stelsels.

Dit is dus geen wonder nie dat die Nasionale Konvensie in sy poging om soveel diepgaande verskille te oorbrug, soveel kompromisse in die Konsepgrondwet moes opneem en dat die onderwysstelsel nie op nasionale basis geplaas kon word nie.

Verder moet daarop gewys word dat kort na Uniewording generaal J. B. M. Hertzog sy tweestroombeleid as die enigste moontlike beleid vir die ontwikkeling van 'n Afrikaanse eenheidsbevolking gesien het. Uit hierdie beleid het in die twintigerjare die moedertaalmediumskole voortgespruit wat so 'n besondere kenmerk van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel geword het en wat eintlik die grondslag gelê het vir die grootskaalse uitwissing van die aloue denasionaliseringsproses.[12])

Dit bring my by die laaste deel van hierdie rede, nl.:

## 4. Enkele aspekte van 'n geïntegreerde nasionale onderwysstelsel vir die Republiek:

Indien die faktore wat die bestaan van 'n nasie en van nasionalisme bepaal, in die geval van die blanke bevolking van Suid-Afrika geweeg word, vind 'n mens 'n gebrek aan gemeenskaplike afkoms, taal, lewensbeskouing en kultuur of tradisies, met slegs 'n anderhalwe eeu van gemeenskaplike verlede, waarvan die grootste deel in 'n hewige stryd deurgebring is. Op die huidige moment kan dus hoogstens van 'n nasiestaat of volksstaat gepraat word, waar twee blanke bevolkingsgroepe naas mekaar leef. Albei is histories verbind aan 'n eiesoortige volkskarakter, maar saamgebind deur 'n gemeenskaplike Wes-Europese kultuur en beskawing met 'n breë Christelike grondslag, gemeenskaplike ekonomiese belang en veral 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid vir die gesamentlike voortbestaan, wat ook mag lei tot 'n gemeenskaplike trou aan 'n eie vaderland en eie staat wat hierdie belange beskerm. Hierin lê ook sedert Republiekwording opgesluit die bewussyn van 'n gemeenskaplike roeping.

By die daarstelling van 'n geïntegreerde nasionale onderwysstelsel sal altyd met hierdie dualistiese kultuurpatroon of volkskaraktertrek rekening gehou moet word. So 'n stelsel sal steeds die belange van elke groep tot sy reg moet laat kom. Op die huidige tydstip meer as 'n halwe eeu na die sluiting van Unie, word die behoefte aan 'n geïntegreerde nasionale onderwysstelsel allerweë gevoel, en die eerste stap is reeds gedoen met die instelling van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, hoofsaaklik met die doel om so 'n geïntegreerde nasionale onderwysstelsel uit te werk, of soos Wet Nr. 86 van 1962 dit stel: „Om die breë grondbeginsels van gesonde onderwys vir die land as geheel te bepaal".

Na aanleiding van die eise wat die beginsel van nasionalisme aan die onderwys stel, wil ek graag enkele grondvrae — naamlik die doelstelling, inhoud, beheer en organisasie in so 'n stelsel — kortliks bespreek.

a. *Eerstens dan die doel van nasionale onderwys.* Vooraf moet getrag word om 'n antwoord op die grondvraag te vind: Wat is nasionale onderwys?

Die opvoedingsverskynsel sowel as die opvoedingsdoel is universeel daarin dat dit die onrype opvoedeling na volwassenheid moet lei en vorm. Wat egter aan die opvoeding van elke land 'n eie karakter gee, is die eis dat dit nasionaal moet wees.

In 'n algemene sin het nasionale onderwys vir alle state die moderne staatsbeheerde en staatsonderhoue openbare skole meegebring, maar dit het meer in die besonder die eis gestel dat die onderwys in ooreenstemming met die nasionale karakter moet wees. Dit moet terselfdertyd die kinders van die volk in die eie nasionale kultuur of hele geestelike erfenis inlei tot liefde vir hul land, hul volk en alles wat hulle as lede van die volk eie is, sodat hulle sal opgroei tot nasieburgers wat op hul beurt hul eie bydrae tot die volkskultuur, die volkskarakter en veral tot die vervulling van die volksroeping sal maak.[13]) Die nasionale doel van die onderwys moet dus wees om staatsburgers op te voed wat in 'n positiewe verhouding staan tot hul land en volk met sy tradisies en aspirasies, sy verlede en sy toekoms. Die onderwys moet sy bydrae lewer tot die lewende voortsetting, vernuwing en vooruitgang van die goeie in die nasionale tradisies en kultuur en langs dié weg dien as 'n kultuurdraer en -uitbouer van sy volk.

Hier moet dadelik opgemerk word dat die Afrikaner se Christelike geloof wat op die Woord van God gebasseer is, eintlik by hom 'n veel belangriker plek inneem as die nasionale. Kragtens sy lewens- en wêreldbeskouing sluit die Christelike vir hom ook die nasionale in. Sy geloof dat God, die skepper van indiwidue en van volke, elke indiwidu in 'n besondere groepverband of volk gestel het, maak hierdie twee groot beginsels nie net tot twee basiese komponente van sy lewensbeskouing nie, maar tot 'n werklike eenheid wat op ons eie bodem tot een begrip saamgegroei het. Dit gaan hom in die eerste plek nie om die nasionale self nie, maar wel om die feit dat dit in die Christelike gefundeer is. Prof. H. J. J. Bingle het dit in 'n radiopraatjie so uitgedruk: „Sonder die Christelike wortel waaruit die nasionale leef, is dit nie Afrikaanse nasionalisme nie. Die Christelike kleur dus nie die nasionale nie, maar is inderdaad die wese van die nasionale". Daarom moet sy onderwysstelsel nie net Christelik en nasionaal wees nie, maar wel Christelik-nasionaal en daarom stel die Afrikaner nie net 'n nasionale opvoedingsdoel nie, maar 'n Christelik-nasionale; nie net opvoeding tot staatsburgerskap nie, maar opvoeding tot kennis van God en 'n volle lewe van geroepenheid en diens tot die eers van sy Maker, in kort: opvoeding tot burgerskap van God se Hemelse koninkryk. Waar die owerheid en diens tot die eer van sy Maker, in kort: opvoeding

onderwysbeleid en die uitbouing van 'n onderwysstelsel volgens die behoeftes van die hele land, is die tyd ook ryp om te besin oor hierdie grondvraag van die opvoeding en wel of die histories-tradisionele Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing nog daarin weerspieël word en tot sy reg kom. Daar is reeds orals tekens van ernstige verwering in hierdie opsig as gevolg van veranderde toestande soos die volgende:

(i) In Suid-Afrika het die eerste helfte van die 20e eeu op ekonomies-maatskaplike terrein 'n volledige omwenteling teweeg gebring met die oorskakeling van die primêre landbou en mynbou na die snel groeiende sekondêre nywerhede. Daarmee is een van die sterkste nasionale ankers, die intieme kontak met die landelike gelig; die behoudende landelike gemeenskap is ontwortel en oorgeplant in die atmosfeer van die stadslewe, waar die indiwidu vinnig besig is om te verstedelik en waar nuwe eise aan hom gestel word waardeur sy lewenstyl en lewens- en wêreldbeskouing in die gedrang kom. Ook op die platteland het andersoortige omstandighede dit vir die Afrikaner moeilik gemaak om sy lewens- en wêreldbeskouing te handhaaf. Die stryd om die bestaan het aan baie mense 'n sterk materialistiese inslag gegee, en stoflike besittings word verhef tot die hoogste lewenswaarde.

Hierdie moderne denasionalisering van die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing laat die vroeëre imperialistiese denasionalisering reeds in die skaduwee van die geskiedenis vervaag. Myns insiens is die gevaarlikste ondergrawer van die Afrikaanse volksbestaan die geleidelike maar onbewuste prysgee van sy tradisioneel Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing.

(ii) Baie nou verbonde aan die ontwortelingsproses is die vloed van ekonomiese welvaart wat die laaste dekade oor ons land spoel. Volop werkgeleenthede vir almal met goeie besoldiging bring ekonomiese voorspoed maar geestelike agteruitgang by 'n groot deel van die volk.

(iii) 'n Ander bedreiging vir die Christelik-nasionale doelstelling van die opvoeding is die moderne opvoedingsbeweging gebaseer op die wysgerige rigting van die pragmatisme, wat ontwikkel tot instrumentalisme en eksperimentalisme en wat maklik kan lei tot die oorbeklemtoning van die beroepswaarde van alle skoolinhoude en van die sosiale bruikbaarheid as die enigste, maar as sodanig dan ook suiwer humanistiese doel-

stelling. Die uitwerking hiervan saam met die naakte materialisme van ons tyd het ook 'n baie duidelike uitwerking op ons leerplansamestelling. Hierop kom ek aanstons terug.

(iv) 'n Verdere bedreiging vir ons opvoedingsdoelstelling, en die wese van ons onderwys, is die oorbeklemtoning van die natuurwetenskaplik-empiriese benadering van die lewe, waardeur daar nie alleen 'n aksentverskuiwing van die geesteswetenskappe af na die natuurwetenskappe plaasvind nie, maar waardeur die lewensbeskouing van die ewolusionisme in die plek van die Christelike gestel word. Die hele ontwikkelingslinie van die moderne opvoeding is besig om van die Christelike af weg te beweeg en om onderwys en opvoeding aan die dogma van die Positivisme uit te lewer.

(v) In die laaste instansie is dit vir my duidelik dat die klein blanke bevolking aan die suidpunt van Afrika onverbiddellik voor die keuse gestel word of hy sy hele, spesifiek Westerse, geestelike erfenis wat histories-tradisioneel Christelik-nasionaal is, deur sy opvoedingstelsel gaan oordra, ontwikkel en uitbou om so sy eie te behou teen die bedreiging van die vreemde ideologieë van liberalisme en kommunisme wat ons vasteland en vaderland uit elke windrigting binneval.

Daarom moet in die laaste instansie, volgens die eis van die nasionalisme, opvoeding tot roepingsbewustheid as onderdeel van die opvoedingsdoel gestel word en het dit hoog tyd geword dat die opvoeders in Suid-Afrika in die lig van die veranderende wêreld hulself afvra of die Christelik-nasionale doelstelling nog sy regmatige plek vind in ons onderwysstelsel. Vir my is dit baie duidelik dat by die ewentuele samestelling van 'n nasionale onderwysstelsel hierdie wesensfaktor van die Suid-Afrikaanse nasionale karakter as basiese beginsel aanvaar moet word en dat dit in die praktyk van die onderwys tot verwesenliking gebring moet word.

b. *Die inhoud van 'n nasionale onderwystelsel:*

Eers wanneer die opvoeder sy doel met die opvoeding bepaal het, kan hy die geskikste leerstof uitsoek, en dan verkry die vraag na sy lewens- en wêreldbeskouing weer deurslaggewende betekenis: Honderd jaar gelede het Herbert Spencer reeds verklaar dat die natuurwetenskappe die belangrikste leerstof vir die opvoeding van kinders bied. Hy het geglo dat die natuurwetenskappe die antwoord op al die vrae bring,

en hierdie rigting het dan ook met die ontwikkeling van die ewolusionisme 'n eie verklaring verskaf van die oorsprong, die aard en die bestemming van die mens en van die kosmos. Die Positivisme het die wetenskap verhef tot 'n godsdiens. Die natuurwetenskappe verkondig die ewolusionistiese lewensbeskouing op heel subtiele wyse aan ons kinders. Dit wil die doel, inhoud en metode van onderwys verskaf, veral in die middelbare skool. Indien die opvoeders in Suid-Afrika nie hul neutrale en kleurlose standpunt oor die onderwys van natuur en Skriftuur laat vaar nie en 'n positief Christelik-nasionale inhoud aan die leerlinge bied nie, is dit tevergeefs om deur middel van die onderwys 'n sterk positiewe bydrae in hierdie opsig te wil lewer. Daarom moet by die samestelling van 'n nasionale leerstofinhoud vir die skool toegesien word dat ons onderwys in en deur die regte kultuurmedium geskied, dit wil sê dat die inhoud van die onderwys ook nasionaal moet wees.

Die indiwidu kan alleen in ooreenstemming met sy eie aard opgevoed word en dit is nie moontlik buite sy nasionale verband nie. Elke indiwidu is deel van 'n besondere gemeenskap of volk, en sy besondere aard word hoofsaaklik bepaal deur die nasionale geskiedenis, tradisie en erfenis waarin hy staan en waarmee hy ook wesenlik verbonde is; sy geluk en welsyn is afhanklik van die volk van wie hy 'n lid is. Dit is dan in hierdie besondere situasie van die ontwikkeling van sy persoonlikheid dat die kind se nasionale verhouding so 'n belangrike aandeel in sy opvoeding verkry. Geen kind kan in 'n vreemde of neutraal-kleurlose atmosfeer tot behoorlike ontplooiing en vorming kom nie, maar slegs in en deur die kultuur van sy volk met wie hy onlosmaakbaar verbind is.[14])

Prof. F. Clarke stel hierdie vereiste ook baie duidelik, dat die doelstelling van die opvoeding wat so dikwels as 'n proses van groei van die kind se vermoëns gesien word, „can take effect only in terms of the common culture".[15]) Daarom is dit die taak van 'n nasionale onderwysstelsel om die gemeenskaplike erfenis tot onderwysbare vorm te reduseer en dit deur die onderwys feitlik weer in elke indiwiduele lewe te herskep. Die kind moet dus doelbewus en stelselmatig in en by 'n bepaalde kultuurverband en kultuurgemeenskap ingelyf word. Dan alleen kan hy tot volwaardige mens en staatsburger ontwikkel en sy geestesewewig vind. In hierdie perspektief word

opvoeding in sy wese die oordrag van die eie, van die volkstradisie, van die nasionale.[16])

Indien 'n onderwysstelsel nie vir die opvoeding van sy volk se kinders in en deur sy volkskultuur voorsiening maak nie, dra dit regstreeks by tot die denasionalisering van die volk, en wie kan bereken hoeveel skade die neutrale of liberale onderwysstelsel reeds aan die volk van Suid-Afrika gedoen het?

Dit sal dus noodsaaklik wees om in die leerplanne vir Suid-Afrikaanse skole onder meer die volgende vakke in te sluit:

As eerste en belangrikste moet genoem word godsdiensonderrig wat in die lig van ons Christelik-nasionale doelstelling hierdie besondere plek moet inneem, aangesien alle verdere kennis op die Christelike gefundeer is en aangesien letterlik die hele lewe in al sy fasette in diens staan van die Skepper, Onderhouer en Regeerder van alle dinge. Hierdie vak moet 'n sentrale plek inneem, want dit moet die mens in 'n positiewe verhouding tot sy Skepper stel en moet sy lig laat skyn in alle ander vakke van die skool.

Die moedertaal, wat die draer is van die menslike gedagtewêreld, sy kultuur en nasionalisme moet nietemin 'n tweede plek inneem in die leerplan van die Christelik-nasionale skool, waar die nasionale moet berus op en uitgaan van die Christelike om so deur die Christelike getemper te kan word. Na die moedertaal moet ook geskiedenis in die leerplan van elke skool ingesluit word, want dit moet die mens in die regte verhouding tot sy medemens stel en is by uitstek die draer van die regte kultuurmedium tot verwesenliking van die nasionale onderwysdoelstelling. Die Christelik-nasionale aard van ons onderwys vereis enersyds dat die onderrig van die vaderlandse geskiedenis nie mag skade ly nie en dat dit onverbloemd sonder enige verdraaiing van feite onderrig moet word, maar vereis ook andersyds dat die onderrig van hierdie vak nie gebruik mag word om 'n wig tussen die twee dele van die volk in te dryf nie, want 'n wesentlike doel met die onderwys van geskiedenis moet wees om die regte verhouding tot die medemens te skep. Die klem behoort op die positiewe bydraes van elke deel gelê te word in plaas van op die strydpunte.

Verder moet ook in die leerplan ingesluit word die letterkunde van die moedertaal, die kuns en ook aardrykskunde, natuurkennis en natuurwetenskap om die verhouding van die mens tot die natuur tot sy reg te laat kom. Rekenkunde en

wiskunde moet aan die getal sy plek in die nasionale onderwys laat toekom en laastens moet daar ook vakke ingesluit word wat die handvaardigheid ontwikkel. Die nasionale onderwys vereis myns insiens ook dat die nasionale simbole 'n vaste plek in elke skoolprogram moet verkry. Die leerlinge moet die grootste eerbied vir die landsvlag ontwikkel en moet gereeld die volkslied sing. Hulle moet ook leer om hul volkshelde te eer en so 'n suiwer vaderlandsliefde aan te kweek.

c. *Die beheer in 'n nasionale onderwysstelsel:*

Soos algemeen bekend is, gaan die probleem van verdeelde onderwysbeheer in Suid-Afrika terug na Unie-wording in 1910, toe die Nasionale Konvensie 'n konsepgrondwet opgestel het wat sterk federale kenmerke vertoon. Sommige van die groot kompromisse wat gesluit is ter wille van die kleiner provinsies, soos die samestelling van die ou Senaat, is reeds verwyder maar die verdeelde onderwysbeheer is selfs vergroot en na vyftig jaar is dit nog besig om nasionale eenwording te strem en te ondermyn. Terwyl daar sedert Unie op alle terreine van die landsbestuur eenheid geskep is sodat die sentrale regering die landsontwikkeling op 'n nasionale grondslag kon aanpak, is die sterkste nasionaal-vormende mag toegelaat om sodanig op 'n provinsiale basis te ontwikkel, dat daar vandag vyf aparte onderwysdepartemente bestaan wat elkeen op eie terrein stewig gevestig is en slegs met groot moeite en koste in 'n nasionale onderwysstelsel ingeskakel sal kan word.

Hier lê stellig die belangrikste en ook die moeilikste deel van die opdrag aan die Nasionale Adviserende Onderwysraad om die aparte onderwysbenaderings so te koördineer dat dit 'n nasionale patroon vertoon wat die beheer en organisasie betref. Ons sou egter die ander uiterste bereik indien daar besluit sou word om provinsiale beheer heeltemal af te skaf en te vervang deur 'n sterk gesentraliseerde stelsel. Dit sou radikaal met die onderwysverlede breek en die waarde van desentralisasie totaal misken. Daarom kom dit my voor dat 'n nasionale onderwyspatroon vir Suid-Afrika die beste gedien kan word deur sentrale beleidsbepaling, beplanning en finansiëring, wat uiteraard neerkom op sentrale beheer van die onderwys met provinsiale uitvoering en administrasie daarvan.

Die aandeel van die sentrale regering en die provinsiale administrasie voltooi egter nie die hele gesagstruktuur in

die patroon van 'n nasionale onderwysstelsel nie. Die samelewing waarin die skool die eintlike onderwysfunksie verrig, staan in 'n besondere verhouding tot die skool wat werklik 'n nuwe lewenskring met 'n eie identiteit is en wat in diens van die samelewing as geheel staan, maar nie aan een van die belanghebbende samelewingsvorme behoort nie. Ten opsigte van elkeen van hierdie afsonderlike samelewingsvorme — ouers, kerk, onderwysers, en staat — moet die skool vry wees maar nie heeltemal ongebonde ten opsigte van die samelewing as geheel nie. Daar moet vir elke skool 'n gesagstruktuur wees waarin die verskillende, direk belanghebbende samelewingsvorme voldoende verteenwoordiging geniet.

Die belangeterrein van elke samelewingsvorm in die skool is egter nie volkome waterdig of soewerein afgebaken nie. Die staat het byvoorbeeld nie alleen belang by die peil van ontwikkeling nie, maar eis ook dat die gees en rigting nie staatskadend of sedebederwend mag wees nie. Ewemin kan die ouers se seggenskap tot die gees en rigting van die skool beperk word terwyl inhoud en tug aan ander instansies oorgelaat word. Die kerk het alleen onregstreeks belang by die skool deur sy lidmate en moet ook slegs 'n onregstreekse aandeel in die gesagstruktuur ontvang. Die onderwysers maak egter 'n integrale deel van die skool uit, en hul gespesialiseerde diens vereis 'n wesentlike seggenskap oor die skool en die onderwys in al sy fasette.[17])

Waar dan die verhoudinge van die verskillende samelewingsvorme in die skool ineengevleg is en 'n komplekse geheel vorm en waar belange, pligte en regte alle grense oorvleuel, moet die staat, ouers en onderwysers op 'n besondere wyse in die gesagstruktuur van die skool en onderwysstelsel verteenwoordig wees. By so 'n nasionale onderwysstelsel moet die volgende sake aandag geniet:

1. Die eenheid van 'n onderwysstelsel en die kontinuïteit van die onderwysproses vereis dat alle onderwys, voorskoolse, laer, middelbare, naskoolse en hoër onderwys onder dieselfde beheer moet staan. Om organisatoriese redes kan slegs 'n breek gemaak word tussen laer en middelbare onderwys aan die een kant en hoër onderwys aan die ander kant, maar die bestaande onnatuurlike vertikale verdeling vind geen regverdiging vir verdere voortbestaan nie. Die Nasionale Advise-

rende Onderwysraad se aanbeveling by die Minister dat middelbare onderwys in sy geheel deur die provinsiale onderwysdepartemente behartig moet word, wag reeds op uitvoering en moet dus verwelkom word.

2. Eventuele instelling van die nasionale eenheid van die onderwys sal dus meebring dat die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap onder leiding van die Sekretaris van Onderwys volle beheer oor tersiêre onderwys, naskoolse onderwys, sekere vorme van spesiale middelbare onderwys asook vakleerlingonderwys sowel as oor opvoedkundige navorsing sal behou, en dat die opleiding van onderwysers wat tersiêr van aard is en wat nou gedeeltelik deur provinsiale instellings behartig word, ook onder sentrale beheer sal kom.

3. Die nasionalisering van die onderwysstelsel sal verder meebring dat die Minister van Onderwys die hoof van die onderwys sal word en dat Suid-Afrika vir die eerste keer in die geskiedenis werklik 'n Minister van Onderwys sal hê wat vir die land 'n egte nasionale stelsel kan opbou. Maar die stelsel sal nie so gesentraliseerd wees soos byvoorbeeld in Frankryk nie. Die Minister sal hom laat lei deur die deskundige advies van adviserende rade soos die Nasionale Adviserende Onderwysraad, wat uit onderwysdeskundiges bestaan, 'n Nasionale Ouerraad saamgestel uit verteenwoordigers van die ouers op die plaaslike bestuursliggame en op ouerorganisasies en 'n Professionele Onderwysersraad wat die onderwyserskorps van die hele land verteenwoordig. Hierdie belangegroepe kan die Minister volkome op hoogte hou van die nasionale onderwysbehoeftes en hom in staat stel om 'n nasionale onderwysbeleid te formuleer en ter uitvoering aan die verskillende onderwysadministrasies voor te lê.

4. Deur die Professionele Onderwysersraad moet die onderwyserskorps in sy geheel seggenskap verkry in die onderwysbeplanning en onderwysbeheer in die Republiek. As plaasvervangende ouers neem die onderwysers so 'n belangrike plek in die onderwys en opvoeding van die land in, dat hulle 'n wesentlike aandeel aan die onderwys in sy geheel behoort te verkry. Dit sal verder daartoe bydra dat die onderwysprofessie 'n deel van sy huidige onmondigheid verloor en dat sy professionele status verhoog word.

5. Die desentralisasie van die onderwysadministrasie moet nie alleen die moontlike gevaar van 'n burokratisme uitskakel nie, maar moet ook daartoe bydra dat die aandeel van belanghebbende plaaslike instansies tot hul reg kom. Dit is absoluut noodsaaklik dat daar vir elke skool in die land 'n beheerraad of skoolkomitee moet wees, saamgestel uit die ouers, die onderwysers en die verteenwoordigers van die staat. Hierdie beheerrade moet met werklike gesag beklee wees en wel ten opsigte van:

(i) die benoeming van die onderwysers. Hier moet die beheerraad toesien dat slegs onderwysers benoem word wat voldoen aan die vereistes gestel deur die besondere samelewing waarin die skool staan. Hier behoort nie bloot akademiese en professionele kwalifikasies in aanmerking geneem te word nie, maar moet ook gevra word na die lewens- en wêreldbeskouing. Die owerheid moet die aanbevelings van die beheerraad aanvaar mits die kandidaat ook beantwoord aan die vereistes wat die staat stel.

(ii) In die tweede plek moet die beheerraad ook die gees en rigting van die onderwys bepaal, dit wil sê hulle kry die geleentheid om vas te stel dat in die betrokke skool die onderwys volgens hul eie lewensbeskouing sal wees. Die enigste manier om dit te beheer is deur toe te sien dat die personeel, en veral die hoof, positiewe aanhangers van hierdie lewensbeskouing is, dat hulle daeliks in hul onderwys die beginsels bely en daarvolgens lewe, want nie net die lewensbeskouing nie, maar ook die lewensstyl van die onderwysers is van kardinale betekenis.

(iii) 'n Derde essensiële taak van die Beheerraad moet die toesig oor die uitvoering van die leerplan en leergange van die skool wees. Dit sal verseker dat dié vakke wat die ouers verkies in die kinders se leerplanne ingesluit word. Indien die stelsel so konsipieer word, kan dit dien as die beste vir die ontwikkeling en uitbouing van 'n nasionale onderwysstelsel.

d. In die laaste instansie, enkele gedagtes oor die ***organisasie van die skole*** in 'n Suid-Afrikaanse onderwysstelsel.

Nasionale onderwysstelsels word in die meeste lande van die wêreld as 'n vanselfsprekendheid aanvaar en die organisasie van die onderwys waarin nasionalisme tot sy reg moet kom, lewer daar geen probleme nie. Daar is die tipiese die volkskool

waar die kinders van die volk in en deur die eie kultuurmedium opgevoed word, maar in Suid-Afrika met sy eie nasionale karakter waarvolgens twee blanke taal- en kultuurgroepe naasmekaar bestaan, word ander eise aan die skoolorganisasie gestel. Die geskiedenis het reeds bewys dat die eentalige skool wat nie rekening hou met die moedertaalmedium van die ander groepe nie, 'n volslae mislukking is, omdatdit nie gebaseer is op die nasionale volksgeskiedenis nie en dat dit die minderheidsgroep veronreg, waardeur hul nasionale gevoel in verset kom. Verder het die geskiedenis ook die bewys gelewer dat die parallelmedium- sowel as die dubbelmediumskole moontlik die volk se tweetaligheid kan bevorder, maar dat dit lei tot die skepping van 'n dooie neutraliteit en 'n kleurlose atmosfeer waarin die nasionale ontwikkeling van geen kind kan gedy nie. Sulke skole skep ook 'n agterstand in die geestelike ontwikkeling van die kind wat nooit weer ingehaal kan word nie. Andersyds het dit nie daarin geslaag om 'n mate van toenadering tussen die twee taalgroepe teweeg te bring nie, aangesien die groepe nog te min van 'n gemeenskaplike verlede gehad het en hul tradisies en veral lojaliteite, sentimente en aspirasies nog te veel van mekaar verskil het. Daarom is aan aparte of enkelmediumskole voorkeur gegee waar aan albei groepe reg kan geskied wat die opvoedingsmedia betref in 'n atmosfeer wat vry is van onnodige spanning en stremming en waar elkeen sy identiteit kan behou. Dit is my oortuiging dat indien die samesnoering van die twee taalgroepe tot een nasie ooit sal plaasvind, dit 'n natuurlike proses sal moet wees. Om nasiebou in Suid-Afrika deur skoolorganisasie te wil bevorder, sou 'n totale miskenning van die funksie van die skool wees; dit lê op 'n ander lewensterrein en nie op die van die skool nie. Die taak van die skool mag egter ook nie negatief wees om verwydering te bewerkstellig nie, en daar moet gewaak word teen partikularisme en chauvenisme. Daar moet ook gestreef word na eerbied en waardering vir die geesteseie van die ander volksgroep. Hierdie ideale kan, myns insiens, die beste verwesenlik word in 'n nasionale Suid-Afrikaanse onderwysstelsel met aparte moedertaalmediumskole op elke stadium van die onderwyskurrikulum.

## BIBLIOGRAFIE

1. J. A. Lauwerys: History Textbooks and International Understanding.

Towards World Understanding XI. Unesco, p. 29.
2. J. A. Lauwerys: Reshaping the European Tradition for the Atomic Age.
3. I. L. Kandel: The New Era in Education, p. 63, cf. ook N. Hans: Comparative Education. 1963, p. 3.
4. I. L. Kandel: op. cit., pp. 60—63.
5. N. Hans: op. cit., pp. 11 e.v.
6. Sir Ernest Barker: National Character and the factors in its formation. London, p. 17.
7. N. Diedericks: Nasionalisme as lewensbeskouing en sy verhouding tot internasionalisme, p. 41.
8. J. Barents e.a.: Christendom en Nationalisme. Gezelschap van Christelijk historia in Nederland. Van Keulen, 's Gravenhage. Hfst. van dr. H. Smitskamp, p. 13.
9. C. F. G. Gunter: Opvoedingsfilosofieë. Op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie. Stellenbosch, 1961, p. 385.
10. B. B. Keet: Sedelike Vraagstukke, p. 5, cf. ook J. Barents e.a.: op. cit., van G. H. J. van der Molen.
11. J. A. Lauwerys: Eersgenoemde werk, p. 29.
12. J. Chris Coetzee: Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, pp. 282 e.v.
13. C. F. G. Gunter: op. cit., pp. 385 e.v.
14. Ibid: pp. 386 e.v.
15. F. Clarke: Freedom in the Eductive Society, p. 35.
16. C. F. G. Gunter: op. cit., p. 387.
17. Cf. ook S. J. Preller: Intreerede. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. 1962. 'n Geïntegreerde Onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika.

ANDER GERAADPLEEGDE WERKE:

18. Emil Brunner: Christianity and Civilization II. London.
19. H. J. J. Bingle: Die Metodiek van Godsdiensonderrig.
20. D. H. Cilliers: Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool. 1652—1930.
21. J. Chris Coetzee e.a.: Onderwys in Suid-Afrika. 1652—1956.
22. E. Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys. Deel I.
23. J. de W. Keyter: Opvoeding en Onderwys. 1961.
24. J. A. Leighton: Man and the Cosmos. London.
25. F. J. M. Potgieter: Prinsipiële verantwoording ten opsigte van Christelike Opvoeding, Opvoedkunde en Onderwys.
26. Boyd C. Shafer: Nationalism, Myth and Reality. London.
27. Graag erken ek 'n paar baie vrugbare en vir my waardevolle samesprekings met prof. H. J. J. Bingle oor die onderwerp.